MEMORANDUM

AAN : ALLE TAFELDRUIF PRODUSENTE
DATUM : 9 Oktober 2020
RE : COVID-19 BEDRYFSTAAKSPAN EN INLIGTING

Beste SATI Lid en Tafeldruiwe Produsent

Die SATI Direksie het hul ondersteuning gebied vir die skep van 'n Covid-19 Taakspan om as skakel en sentrale inligtingsbron t.o.v. Covid-19 in die tafeldruiwebedryf te dien in aanloop tot en gedurende die komende 2020/2021 seisoen.
Elke streek en die uitvoerdersvereniging (FPEF) het 'n verteenwoordiger op die Taakspan. Die SATI webwerf dien as sentrale punt van inligting terwyl spesifieke kommunikasie rondom belangrike Covid-19 inligting via 'n spesiale memo (soos hierdie) via e-pos met die hulp van streekskantore versprei gaan word.
Produsente word gevra oom eers die SATI Covid-19 webportaal te raadpleeg waarna vrae aan die verteenwoordiger in die betrokke streek gerig kan word. Die verteenwoordiger gaan help om die aanvanklike vrae te beantwoord en/of verder met die Taakspan te skakel soos nodig.
Die streeksverteenwoordigers is:

NTA – Ursula Quinn, hr@hnpieterse.co.za
ORPA – Marno Hamman Marno@acgfruit.com
OTPV – Anneke Greef-Stephan, anneke.otpv@gmail.com
BTPV – Eurica Scholtz/Liezl Jonker, btpv@mweb.co.za
HTA – Maré Steenkamp, mare@hexvallei.co.za
FPEF verteenwoordiger – Werner van Rooyen

Die taakspan word deur Clayton Swart, SATI Kommunikasiebestuurder, saamgeroep.
Neem ook in ag die vlak van inperking verander gereeld met nuwe regulasies wat deur verskeie ministers uitgereik word. Die land is tans op vlak 1 van inperking met die vooruitsig dat ons deur die seisoen op hierdie vlak kan bly.

1. Basiese Vereistes - Covid-19 en Werksplekke

Onder Vlak 1, net soos onder die vorige vlakke, moet werkgewers die basiese aspekte soos daaglikse monitering en 'n register van werknemers en alle besoekers byhou. Die aanstel van 'n Covid-19 beampte, hand sanitasie, die verskaffing van en dra van maskers deur alle werknemers, handhafing

van ’n veilige afstand sover moontlik, die identifesering van kwesbare persone en ontwikkeling van ‘n risiko-plan om hulle te beskerm is belangrike aspekte om in plek te hê.

2. Nuwe en Gewysigde Vereistes

‘n Belangrike wysiging (Staatskoerant van 1 Oktober 2020) is die spesiale verantwoordelikheid wat geplaas word op werksplekke met meer as 50 mense op een perseel – daar moet voor 21 Oktober 2020 ’n rekord van risiko assesering tesame met ‘n geskrewe beleid aan die Department van Arbeid ingedien word (dit was voorheen net van toepassing op werkgewers met meer as 500 werknemers wat nou verlaag is na 50 – die kontak inligting per provinsie kan in die Spesiale Gids - Vlak 1 gevind word). Die gids is deur AgBiz aan lede beskikbaar gestel en deur Jahni de Villiers van Labour Amplified saamgestel

Werkgewers moet die volgende inligting aan die Department verskaf:

- Die eenmalige risiko-assesering deur werkgewers met meer as 50 werknemers per perseel;
- Die simptome van werknemers wie simptomaties is (hierdie moet weekliks ingehandig word);
- Besonderhede rondom ‘n positiewe geval; en
- Voorgeskrewe inligting wanneer ‘n werknemer terugkeer na die werksplek na herstel van Covid-19.

Die bogenoemde risiko-assesering verslag is van toepassing op alle werknemers terwyl die volgende slegs van toepassing is op positiewe gevalle.

Alhoewel dit ‘n wettige vereiste is om hierdie inligting in te samel moet dit ten alle tye vertroulik hanteer word volgens die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4/2013), bv. toegesluit in ‘n geslote kabinet, ens.
Die WNNR ontwikkel tans ‘n aanlyn portaal en selfoon-toep vir die oplaai van inligting ens. Meer inligting hieroor sal gedeel word sodra beskikbaar.

3. Bronne van Inligting

Dit sal raadsaam wees om die volgende bronne van inligting te raadpleeg:

- **AgriSA werksplek protokolle - Volledige stappe en riglyne**
- **AgriSA - Werksplek gereedheid notas**
- **Omvattende SIZA gesondheid en veiligheidsgids** - Covid-19 inligting vanaf bladsy 97, insluitend riglyne oor hostel akkomodasie

4. Stappe met Positiewe Gevalle

Met die nodige voorsorg maatreëls in plek en rekords daarvan is daar praktiese stappe wat gevolg moet word indien ’n werknemer Covid-19 opdoen of simptome toon. Dit help ook om te verhoed dat ‘n hele pakstoor gesluit moet word in sodanige geval.

Die volgende scenarios en riglyne is reeds beskikbaar gestel:

- **Agri Wes-Kaap Scenarios in die werksplek**
- **Hoe om Covid-19 in die werksplek te voorkom en te bestuur**

5. Vervoer van werkers

Private vervoer van werkers met bv. bakkies mag tot 100% kapasitiet vervoer met die nodige maskers en sanitasie, ens.

Die gidse en handleidings dek nie alle aspekte wat op plase ens. voorkom nie, maar daar moet gepoog word om veilig en verantwoordelik op te tree. SATI bied hierdie inligting as advies, maar produsente moet hulself van die wetgewing vergewis en bewys kan toon dat behoorlike stappe gevolg word.

Baie dankie vir julle samewerking en sterkte met die komende seisoen.

Clayton Swart
nms. Taakspan